

MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

JULIE / JULY 2015 NO. 7

NUWE TARIEWE VANAF 1 JULIE 2015

Burgemeester LA Koloi

Die goedgekeurde 2015/2016 begroting bevat beide nuwe en bestaande tariewe. Vir die 2015/2016 finansiële jaar gaan 'n groter fokus geplaas word op ongemagtige en / of afwykende gebruike op erwe, onwettige rommelstrooing, ongemagtigde bouwerk, elektrisiteit- en waterdiefstal en die beskadiging van munisipale eiendom.

//Khara Hais Munisipaliteit wil u aandag vestig op die volgende verandering in tariewe:

EIENDOMSBELASTING

• Residensiële belastingkorting verminder vanaf R 45 000 na R 15 000.

• Die verhoging in eiedoms-belastingtariewe beloop ± 5.5%. Die tariewe sal dus as volg verander:

Kategorie		Tarief vanaf 1 Julie 2014	Tarief vanaf 1 Julie 2015
		Sent / R 1	Sent / R 1
Residensiële Eiendomme	(Ratio 1.00: 1.00)	0.96580	1.01892
Residensiële Sone 3 Eiendomme	(Ratio 1.00: 1.25)	1.20730	1.27370
Openbare Voordele Organisasie (PBO)	(Ratio 1.00: 1.00)	0.96580	1.01892
Onontwikkelde Erwe	(Ratio 1.00: 2.00)	1.93160	2.03784
Besigheidseiendomme	(Ratio 1.00: 1.50)	1.44870	1.52838
Industriële Eiendomme	(Ratio 1.00: 1.50)	1.44870	1.52838
Staat Ander Eiendomme	(Ratio 1.00: 1.50)	1.44870	1.52838
Staat Residensiële Eiendomme	(Ratio 1.00: 1.50)	0.96580	1.01892
Publieke Infrastruktuur	(Ratio 1.00: 1.50)	1.44870	1.52838
Institusionele / Opvoedkundige Instellings	(Ratio 1.00: 1.50)	1.44870	1.52838
Landbou-eiendomme (ingesluit kleinhoewes)	(Ratio 1.00: 0.25)	0.24150	0.25473
Oorde met toegang tot riool- en sanitasiedienste	(Ratio 1.00: 1.25)	1.20730	1.27370

• Ingevolge die goedgekeurde Belastingbeleid kan eienaars van landbou eiendomme aansoek doen vir landboukorting. Aansoeke om korting moet voor 31 Augustus 2015 by die belastingafdeling ingedien word.

VULLISVERWYDERING

• Die verhoging vir die verwydering van vullis beloop ±9%.

• Informele erwe sal voortaan vullis betaal teen R 110.30 per maand.

• Oorde met toegang tot dienste sal vullisverwydering van R 1 366.86 per maand betaal.

• Die onwettige strooi van rommel sal teen R 300.00 per insident verhaal word vanaf die oortreder.

RIOOL EN SANITASIE

• Die verhoging vir die lewering van riool- en sanitasiedienste beloop ±7%.

• Informele erwe sal voortaan 'n maandelikse heffing van R 91.20 per erf betaal vir sanitasiedienste.

• Besighede in Kalksloot, Raaswater, Leerkrans, Karos, Lambrechtsdrift en Louisvaleweg wat oor suigdienstenke beskik sal voortaan 'n maandelikse heffing van R 235.00 betaal vir suigtenkdienste.

• Skole in Kalksloot, Raaswater, Leerkrans, Karos, Lambrechtsdrift en Louisvaleweg wat oor suigdienstenke beskik sal voortaan ‘n maandelikse heffing van R 490.00 betaal vir suigtenkdienste.

WATER

• Die verhoging vir die lewering van waterdienste beloop ±7%.

• Maandelikse gratis water sal verminder vanaf 10 kl per maand na 6 kl. Dis ooreenkomstig met die voorskrifte van die Nasionale Beleid en word ook vervat in die DoRA.

• Die installeringskostes van voorafbetaalde watermeters op versoek van die eienaar sal as volg wees:

o Nuwe aansluiting: R 5 536.02

o Vervanging van konvensionele meter met voorafbetaalde meter: R 3 522.38

• Indien ‘n watermeter herstel moet word as gevolg van kwaadwillige beskadiging sal die werklike kostes vir die herstel daarvan vir die rekening van die eienaar wees.

• ‘n Aanwendingsboete van R 1 765.00 is betaalbaar indien ‘n watermeter kwaadwilliglik beskadig, herlei (by-pass) of verwyder word.

ELEKTRISITEIT

• Die verhoging vir die lewer van elektrisiteitsdienste beloop ±12.20%, onderhewig aan goedkeuring vanaf NERSA.

• ‘n Aanwendingsboete van R 1 765.00 is betaalbaar indien ‘n elektrisiteitsmeter kwaadwilliglik beskadig, herlei (by-pass) of verwyder word.

HUUR: BEHUISING

• ‘n Maandelikse heffing van R 28.00 sal betaalbaar wees op alle onvervreemde selfboupersele en R 14.25 per maand vir alle informele behuising.

DIVERSE

• Vir elke VT tjek, sal die Raad R 107.00 hef op die betrokke debiteur se rekening.

• ‘n Boete van R 250.00 sal gehef word vir enige valsverklaring of vals inligting wat aan die Raad voorsien word.

• ‘n Bedrag van R 370.00 is betaalbaar vir die aanvra van ‘n waardasie-uitkoms.

• Geen deposito sal terugbetaal word indien u munisipale diensterekening agterstallig is nie.

• Die onwettige parkering op parke sal teen R 300.00 per insident verhaal word vanaf die oortreder.

STADSBEPLANNING

• SPLUMA (Nasionale Beplanningswet) tree inwerking op 1 Julie 2015. Daarmee saam het //Khara Hais Munisipaliteit die toepaslike Skemaregulasies gewysig om by hierdie Nasionale Wet aan te pas.

• ‘n Heffing van R 500.00 per maand sal gehef word vir die eerste vergunningsgebruik.

• ‘n Verminderde heffing van R 239.40 per maand sal gehef word vir elke addisionele (sekondêre) vergunningsgebruike.

• Die huidige heffing vir Afwykende/ongemagtigde gebruike op enige eiendom is hersien en sal maandeliks eskaleer indien die gebruik nie gestaak. word nie.

• Kapitaalbydraes sal voortaan van toepassing wees op alle grondgebruiks-veranderinge en nie net op onderverdelings nie.

LW: Geen aansoeke by Boubeheer en / of Stads- en Streekbeplanning sal goedgekeur word alvorens munisipale diensterekeninge op die betrokke eiendom ten volle betaal is nie.

BOUBEHEER

• ‘n Bouplan deposito sal voortaan betaalbaar wees wanneer ‘n bouplan ingedien word. Die terugbetaling van die deposito is onderworpe daaraan dat alle bourommel van die perseel verwyder moet wees na voltooiing van die bouwerk en ‘n betaalde diensterekening.

• Bouplanfooie waar bouwerk ‘n aanvang geneem het voordat bouplanne ingedien was, sal as volg wees:

o R 20.00 per m^2 of gedeelte daarvan tot en 200m^2;

o Plus tarief per m^2 en R 12.00 per m^2 vir oppervlaktes tussen 201m^2 en 500m^2;

o Plus tarief per m^2 en R 6.00 per m^2 vir oppervlaktes groter as 501m^2.

Die goedgekeurde tariefbundel van die Raad lê ter insae by die biblioteke, munisipale betaalpunte, munisipale kantoor en is ook beskikbaar op die munisipaliteit se webtuiste by www.kharahais.gov.za. Indien u enige navrae het, is u welkom om met Me. Louw by die Raad se finansiële afdeling te skakel by 054 – 338 7037 of fin.mfm@kharahais.gov.za.

Die Raad wil ook die verbruikers aanmoedig om alle ongemagtige/ afwykende gebruike, diefstal, rommelstrooiing en beskadiging van eiendom aan te meld by kliëntediens by 054 – 338 7181 of client@kharahais.gov.za.

‘n Beroep word op eienaar / huurders gedoen om met Stadsbeplanning te skakel indien u enige navrae het rakende gebruiksregte. Vir navrae aangaande bouplanne kan u met Boubeheer in verbinding tree.